



# Die Voortrekkers

15 Junie 2018

Beste voortrekkervriende,

Die winter klop aan die deur en daarmee saam begin ons pak vir ons Junie-gebiedskampe en dra ons sodoende is ons voortdurend besig met konstruksie.



**1. Transvaal Pastorale Raadgewer**  
**Willem Boshoff**  
082 890 2644

As Christene is ons steeds onder konstruksie.

Op 21 Junie begin die son terugdraai na die suide toe, wanneer die noordelike sonnewende plaasvind. Juliemaand gaan steeds koud wees, en hopelik nat in die Kaap, maar die son het dan reeds gedraai. Die somer is onafwendbaar op pad, selfs as Augustus en selfs miskien September ons nog met 'n koue front of twee verras.

Dit alles beteken dat die jaar reeds byna die halfpadmerk bereik het, terwyl dit vir my voel baie van ons beplan nog aan dit wat hierdie jaar moet gebeur. Miskien is dit nodig om reeds te begin kyk na die jaarafsluitingseremonies en die aftel van skeie en jukke om nog 'n jaar af te merk. Maar is dit nie te erg om die jaar so om te wens nie? Of is dit maar net so dat as Julie die volgende maand op die almanak is, ons besef dat die jaar eintlik klaar sy loop geneem het?

Ek is bevrees dat alles in die jaarprogram wat nie reeds deeglik beplan is nie, maar vir volgende jaar sal moet wag. Dié jaar het sy loop geneem.

Dit is dalk 'n goeie tyd in die jaar om te luister wat Paulus in die brief aan die Kolossense skryf. Hy sê in Kolossense 2:6-7:

Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en **op Hom gebou**, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.

Ons tema in Transvaalse Voortrekkers is "onder konstruksie" en dit is iets hiervan wat Paulus ook vir die Kolossense skryf. Ons geloofslawe en verhouding met die Here is altyd onder konstruksie:

Francis Baard str. 990 (Ou Schoeman straat)  
Posbus 12924  
Hatfield  
0028  
012 430 3914 (Kantoor)  
086 613 9934 (Faks)

[transvaal@voortrekkers.org.za](mailto:transvaal@voortrekkers.org.za)  
(Finansies, Terreine, Verkenner- en Volwasse sake  
SAS, PD sake en Bemarking)  
[admin@voortrekkers.org.za](mailto:admin@voortrekkers.org.za)  
(Administrasie, Webblaaie, Kennisgewings en SAS,)

<https://transvaal.voortrekkers.co.za>  
[www.transvaal.voortrekkers.org.za](http://www.transvaal.voortrekkers.org.za)  
[www.houkoers.co.za](http://www.houkoers.co.za)  
Twitter: @twittvlvt  
Instagram: tvl.vtk



**Gebiedsleier:** Zandra Machin  
**Adjunkgebiedsleiers:** Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout,  
Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg,  
Tekkies Kotze

**Die Voortrekkers Transvaal 2018: Die pad vorentoe is onder konstruksie.**

ons lewe elke dag in verbondenheid met hom en is in Hom gewortel - 'n beeld van 'n lewende fondasie. Om gewortel te wees, beteken om te groei, terwyl ons lewens ook op Hom bou, 'n voortdurende konstruksiewerk wat deur geloof geanker en met dankbaarheid vervul is.

Al het die jaar sy loop geneem, ons is gewortel in Hom en is ons op Hom gebou. Deur ons onophoudelike konstruksiewerk op elke vlak van die Voortrekkerlewe, moet ons doen waarvoor ons geroep is. As spanoffisier of as dagbestuurslid, of as Voortrekkervriend of lid van 'n gebiedskomitee, moet ons weet dat die Here gister, vandag en môre getrou bly om ons op te bou. Hy wil hê dat ons, sy kinders, moet floreer en tot volle uiting kom van dit waarvoor ons geroep en bestem is. Laat jou opbou op die fondasie van Christus, terwyl jy met dankbaarheid vervul bly.



## **2. Gebiedsleier** (Sirkel – Skakel)

### **2.1 Herstrukturering**

In die Maart 2018 omsendbrief is inligting deurgegee rakende die kongres prioriteite en herstruktureringsgesprekke. Sedertdien het 'n hele paar aksies plaasgevind en ek gee graag die volgende terugvoer:

- a) Die gebiedsbestuur het gedurende Februarie 2018 'n Taakspan saamgestel om die moontlikheid van meerdere gebiede te ondersoek. Verskeie kriteria is saamgestel en gebruik om die verskillende modelle te ondersoek en te assesseer.
- b) Die ondersoek het bepaal dat 'n meerdere gebied model beslis voordeel inhou. Die hoofbestuur het ook die besluit geneem dat *'n meergebiedsmodel vir Kaapland en Transvaal verder ondersoek word en dat daar by die September 2018 Hoofbestuursvergadering 'n finale voorlegging gedoen moet word oor die moontlike verdeling van gebiede ten einde te kan begin met die beplanning van 'n nuwe ledegeldmodel en toekomstige funksionering van die Hoofbestuur.*
- c) In die lig van bogenoemde hoofbestuursbesluit het die gebiedsbestuur alle vorige modelle herroep en die Taakspan versoek om na die mees werkbare opsies vir 'n meergebiedsmodel te ondersoek.

Terwyl die taakspan met die ondersoeke besig is, bevestig ek dat:

- a) Geen verandering of verdelings of verskuiwings nou gaan plaasvind nie. Tans word slegs gesprekke gevoer en ondersoeke geloots.
- b) Enige navrae kan aan myself of jou oordeier gerig word.

### **2.2 Veiligheidsaspekte**

Die pad tot dusver was nie sonder 'n paar slaggate nie. Dit is belangrik dat ons leer uit ons "slaggate/struikelblokke" en vorentoe nie dieselfde foute te maak nie.

Veiligheid in die Voortrekkers en by voortrekker aktiwiteite is baie belangrik. Omstandighede verander, dus moet ons meer paraat wees en ook aan die veiligheid en sekerheid van die jeug en lede wat die aktiwiteite bywoon, dink.

'n Groot beroep word op elke spanoffisier, kommandoleier, en organiseerders van voortrekker aktiwiteite gemaak om alle redelike stappe te neem om die veiligheid van mense en besittings te bestuur. Maak seker dat gebeurlikheidsplanne, noodnommers, noodhelpers en opgeleide persone beskikbaar is.

Tans is daar gebeurlikheidsplanne in plek vir gebiedskampe; maar ons gaan dit uitbrei tot op spanvlak. 'n Veiligheidstaakspan is in die proses om 'n eenvoudige veiligheidsplan op te stel.



### 3. Administrasie (Stadige verkeer)

#### 3.1 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: <https://transvaal.voortrekkers.co.za> vir die nuutste nuus.

Alle GGA/GGN en Gebiedskamp inligting word basies op drie (3) plekke gestoor naamlik onder **Dokumente, Kennisgewings** en **Gebeurtenisse**:

1. Dokumente: Alle GGA / GGN / gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.
2. Kennisgewings: Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA / GGN / Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Klik op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.
3. Gebeurtenisse: Die maandelikse kalender van elke GGA / GGN / Gebiedskamp vertoon in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Daar is interessante dokumente op Transvaal Voortrekkers se webblad beskikbaar by die volgende skakel: <https://drive.google.com/drive/folders/1icvB-2INY8GqbdOHBL41UKwJEKkaP0sv>

Loer binne elke vouer en jy vind moontlik waarna jy soek.

01 Gebiedsbestuur	02 Administrasie	03 Finansies
04 Bemarking	05 Penkop en drawwertjies	06 Verkenners
07 Volwasse sake	08 GGA/GGN & Gebiedskampe	09 Gebiedskamplieers
10 Korrespondensie	11 Liedere	12 Staatmakers
13 SAS Handleiding	14 Warmbaadjies	

Die SAS handleiding is pas afgestof met 'n nuwe voorkoms en opgedateerde inligting.

Is jy opsoek na die kennisgewings wat in 2018 uitgereik is? Loer gerus in die korrespondensie vouer.

Elke oordleier spog tydens elke gebiedsbestuursvergadering wat in sy/haar oord gebeur en die oordterugvoere is beskikbaar in die Gebiedsbestuur vouer. Sien wat in elke oord gebeur.

Soek jy 'n GGA/GGN of 'n gebiedskamp se besonderhede?

Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA/GGN & Gebiedskampe vouer vir 'n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), Whatsapp (individu/groep), telegram, Pinterest en/of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op tuiswebbladsy.

#### 3.2 SAS

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële audit van ons voortrekker lede gedoen word.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet 'n naamlys na die gebiedskantoor gestuur word vir bevestiging en die bekragtiging van die spesialisasies.

Dankie vir elkeen wie aktief deelneem in gesprekke op whatsapp en sosiale media. Die hulp en raad word waardeer.



## 4. Finansies en Terreine (Terreine & Fondse)

### 4.1 Ledegeld 2018

Die lederegistrasies het in die laaste week van Mei groot spronge gemaak en het ons op 31 Mei ongeveer 2 700 lede se ledegeld ontvang om aan Hoofbestuur oorbetal. Die registrasies soos op 31 Mei op SAS was wel 6 100 lede. Dit beteken dat 3 400 lede wel geregistreer was, maar geen ledegelde is in Transvaal tov die lede ontvang nie. Gevolglik word 'n groot bedrag ledegeld eers in Junie verwag. Kommando's moet asb onthou dat lede waarvoor ledegeld nou (na 31 Mei) oorbetal word (nie van toepassing op nuwe lede nie) R535.00 beloop.

Ons is ongelukkig nog nie naby ons begrote 6 750 lede vir die jaar nie en sal ons die uitgawes in Transvaal met nog meer omsigtigheid benader.

Baie dankie aan die AKL's wat hard gewerk het om die lidregistrasies sover af te handel.

### 4.2 Terreine

Uitgawes op die terreine word beperk tot noodsaaklike onderhoudsitems. Daar word gekyk na 'n onderhoudsplan vir die langer termyn vir Hartbeesfontein, De Bank, Tarentaalstraat en Boerplek.



## 5. Bemaking (Groei)

### 5.1 Bemakings hulpmiddele

Die opgedateerde korporatiewe identiteit is amper gereed en sal binnekort beskikbaar wees. Daar sal ook verskeie nuwe hulpmiddele beskikbaar gemaak word, sodat ons almal dieselfde boodskap kan bemark. Daar is egter reeds verskeie hulpmiddele beskikbaar by [www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Inligting](http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Inligting) gaan maak gerus 'n draai daar.

### 5.2 Renoster red is vet pret

Indien daar nog spanne is wat wil deelneem aan die projek kontak gerus vir Carinda Habig (0718325541). Onthou ook dat daar plakkers asook selfdoen armbandjies en sleutelhouers te koop is by die Voriemôl vir hierdie projek. Sluit gerus aan by Care for Wild se Facebookblad om meer te sien waaroor die projek eintlik gaan.

### 5.3 Bemakings kompetisie

Hierdie kompetisie is reeds aan die gang met 'n paar opwindende inskrywings wat reeds ontvang is. Spanne asook individue word aangemoedig om deel te neem aan die opwindende inisiatief. Die kompetisie vind plaas in die volgende kategorieë:

- **Junior PD's** – spanne neem deel aan 'n kampvuurkonsert. Die konsert moet op video afgeneem word en dan gedeel word. Die tema van die konsert is AFRIKANERHELDE. #VoortrekkersKonsert
- **Senior PD's en Verkenners** - spanne neem deel aan 'n liedjie kompetisie. Die liedjies moet ook op video gedeel word. Daar sal in twee (2) afdelings deelgeneem word. #VoortrekkersSing
  1. Oorspronklike liedjies
  2. Voortrekker liedjies
- **Staatmakers en Verkenners** – spanne of individue kan in dié afdeling deelneem. Die tema vir die afdeling is #VoortrekkersKAN. Wees kreatief en deel die video met ons!

- **Volwassenes** – Offisiere en Staatmakers kan in hierdie kategorie ook deelneem in twee (2) afdelings.
  1. **Fotografie** – neem en deel daardie foto wat ons wys waaroor Voortrekkers gaan!  
#VoortrekkersVorentoe
  2. **Hoe Oms** – ons wil sien hoe doen 'n mens dit, neem dus die video en deel dit met ons!  
#VoortrekkerHoeoms

### Reëls vir die kompetisie:

- Video's mag nie langer as drie (3) minute wees nie.
- Die kompetisie sluit op Sondag 23 September 2018.
- Alle videos, foto's en inskrywings moet per WhatsApp gedeel word na 0828526171 en per epos na [tekkies.kotze@gmail.com](mailto:tekkies.kotze@gmail.com)
- Daar is lekker pryse in elke kategorie en afdeling.
- Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen korrespondensie sal gevoer word nie.



## 6. Penkop en drawwertjie sake (Leer speel-speel)

### 6.1 Gebiedskampe

Gaan kyk na al die nuwe inligting en datums vir die Gebiedskampe op die nuwe Transvaal webblad. Sterkte aan die kampe wat die komende vakansie plaasvind, mag julle wat gaan kamp dit baie geniet

### 6.2 GGA/GGN

Vir julle beplanning is die nuwe inligting van die GGA/GGN op die Transvaal webblad gelaai.

Die taakspan vir die GGA/GGN word gekoördineer deur Engalie Botha en almal se samewerking word gevra met die elektroniese terugvoer vorm wat aan u gestuur sal word na die afloop van die dag.

Dankie vir die kommando's wat reeds hulle samewerking gegee het met die terugvoer – die taakspan verwerk die inligting en sal die kommando op hoogte hou.

### 6.3 Voorslag – Graad 7

Voorslagkamp datum; 7-9 September 2018.

Die inligting- en inskrywingsbriewe is reeds versprei met 'n kennisgewing en alle dokumentasie is op die Transvaal webblad beskikbaar.

Offisiere word aangemoedig om in te skryf vir die kamp en so te help met die evaluering van die graad 7 kandidate.

### 6.4 Spesialisasies

Die nasionale komitee het 'n moratorium op nuwe spesialisasies geplaas. Persone word aangemoedig om eerder bestaande spesialisasies op te dateer of aan te vul. Stuur enige voorstelle na [transvaal@voortrekkers.org.za](mailto:transvaal@voortrekkers.org.za) om te hanteer.

### 6.5 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan [transvaal@voortrekkers.org.za](mailto:transvaal@voortrekkers.org.za) die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.



## **7. Verkennersake** (Produk in wording)

“My ouma het gesê die grootmense kap hout, maar hulle kyk nie waar val die splinters nie.”

Dit is seker nou al 'n cliché om te sê hoe vinnig die jaar verby gegaan het maar 'n feit is 'n feit! Ons is halfpad deur die jaar en dit is tyd vir Voortrekkers om see toe te gaan. Geniet Seejoi!

### **7.1 Presidentsverkenner afrondingskamp**

Groete wense ook aan Transvaal se kandidate wat saamtrek op Hartbeesfontein vir die Presidentsverkenner afrondingskamp. Hierdie is die heel laaste tree as Verkenner en die begin van 'n nuwe hoofstuk in jou volwasse lewe.

### **7.2 Die Transvaalse gebiedsjeugraad vir 2018/2019**

Die Transvaalse gebiedsjeugraad (GJR) vir 2018/2019 is ook aangestel hierdie kwartaal. Die GJR 2018/2019 is as volg:

Megan Hendry  
Esmari Pretorius  
Adriaan Terblanche  
Izette Uys  
Deighton van der Wissel  
Marné van Rooyen

Geluk- en sterkte wense aan die gebiedsjeugraad!

Dankie vir die harde werk en tyd wat elke Voortrekkeroffisier en Staatmaker in ons Verkenners belê. Mag ons altyd vreugde vind in ons dien.



## **8. Staatmakers** (Apart maar Saam)

### **8.1 Verkiesing van die Transvaal Gebiedstaatmakerraad**

Die verkiesing vir die twee posisies op die gebiedstaatmakerraad, Gebiedskakeldraer en Adjunk-Gebiedskakeldraer: Bemarking is afgehandel. Die uitslae is as volg:

Gebiedskakeldraer: Wessel van der Walt  
Adjunk-Gebiedskakeldraer: Bemarking is Magda van den Berg  
Charene Agenbach bly die Adjunk-Gebiedskakeldraer: Administrasie

Baie geluk en baie sterkte vir julle termyn.

### **8.2 Staatmaker ondersoek**

Die staatmakers van Transvaal beplan 'n ondersoek oor staatmakerwees in Transvaal. Die ondersoek sal onder andere kyk na die doel, funksie, struktuur en bedrywighede van staatmakers in Transvaal.

Die ondersoek sal deur middel van 'n taakspan geskied. Die volledige lys van doelwitte, databronne en metode sal deur die taakspanlede bepaal word met die aanvang van die ondersoek.

Die voorsitter van die taakspan is Charene Agenbach. Persone wat belangstel om deel te vorm van die taakspan of meer inligting verlang is welkom om 'n e-pos te stuur aan [transvaal.staatmakers@gmail.com](mailto:transvaal.staatmakers@gmail.com) voor of op Dinsdag, 19 Junie 2018.



## 9. Volwasse sake (Oplei en toerus)

### 9.1 Spanbou

Spanbou is 'n belangrike taak van die kommandoleier en dagbestuur. Die Volwasse lede is deel van 'n span om te sorg dat daar 'n hegte band tussen die volwassenes in die kommando vorm. Dit is daarom belangrik dat daar beplan word vir die bou van die span. Soms is dit nodig om saam weg te gaan vir 'n beplanningsnaweek of dag, ander kere is 'n sosiale funksie voldoende.

Deel gerus julle spanbou suksesse en behoeftes met mekaar.

Indien julle hulp of idees nodig het, kontak gerus AGL Volwasse Sake by [dirk@helpendehand.co.za](mailto:dirk@helpendehand.co.za)

### 9.2 Aanlynleer

Besoek gerus die aanlynleer platform by [www.voriesopleiding.co.za](http://www.voriesopleiding.co.za) Die kursusse wat tans aanlyn gedoen kan word is Intreekursus, Spanhantering, Voortrekkerbestuur, Mentorskap en Fasilitering

### 9.3 Voriemôl

Of jy hulpmiddels soek vir jou spanwerk, klere vir jou span of 'n geskenkie vir iemand wat nie in die Voortrekkers is nie, gaan besoek gerus die Voriemôl by 901 Pierneefstraat, Villieria, Pretoria.

Besoek ook die aanlynwinkel by [www.voriemol.co.za](http://www.voriemol.co.za) Enige voorstelle van produkte wat in die Voriemôl verkoop kan word? Stuur gerus jou idees aan [dirk@helpendehand.co.za](mailto:dirk@helpendehand.co.za)

### 9.4 Hulpmiddels

Het jy 'n behoefte aan 'n spesifieke hulpmiddel om jou te help met jou spanwerk? Of dalk het jy 'n idee van 'n hulpmiddel wat ander kan help.

Gee asb julle idees en behoeftes deur aan AGL Volwasse Sake by [dirk@helpendehand.co.za](mailto:dirk@helpendehand.co.za)

### 9.5 Literatuur

Is jy dalk opsoek na die Voortrekkers se grondwet, die nuutste reglemente, kursus handleidings of Hoe Om's?

Gaan kyk gerus by [www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur](http://www.houkoers.co.za/Dokumentasie/Literatuur) vir literatuur en hulpmiddels wat bruikbaar is vir volwasse lede.

### 9.6 Mentorskap

Mentorskap is 'n onontbeerlike hulpmiddel vir die nuwe offisier. Daarom is dit noodsaaklik dat elke kommandoleier sal sorg dat, wanneer daar 'n nuwe offisier tot sy/haar kommando toetree óf wanneer 'n volwassene in 'n nuwe pos instap, daar 'n mentor vir daardie persoon sal wees om hom/haar te begelei totdat die persoon "veilig" voel in die nuwe verantwoordelikheid. Gaan doen gerus die Mentorskap kursus aanlyn.

### 9.7 Erkenning

Erkenning van volwasse lede is belangrik. Alle bestuursliggame moet gereeld seker maak of daar nie aansoek gedoen moet word vir enige vorm van erkenning aan lede of nie-lede deur Die Voortrekkers nie. Die bestuursliggaam moet toesien dat die nodige inligting behoorlik gedokumenteer word in die aansoek en dit voorlê aan die verantwoordelike bestuursliggaam wat die aansoek moet hanteer. Die korrekte aansoekvorm moet te alle tye gebruik word en is op die webwerf van Die Voortrekkers beskikbaar. Dit is die sekretaris/admin van die betrokke bestuursliggaam, wat die toekenning oorweeg, se plig om toe te sien dat die aansoek korrek en volledig is en inligting geverifieer is voordat dit aan die betrokke bestuursliggaam voorgelê word.

### 9.8 Hoe sê mens dankie?

Het jy enige opinie oor die huidige erkenning stelsel van volwasse lede, of dalk 'n oorspronklike idee hoe ons dankie kan sê vir volwassenes?

Stuur gerus jou idees aan my by [dirk@helpendehand.co.za](mailto:dirk@helpendehand.co.za)

## 9.9 Welstand

Om te verseker dat ons gebalanseerde, besielde en toegeruste volwasse leiers het moet ons kyk na die welstand van die totale persoon en nie net fokus op een dimensie nie. Indien julle goeie idees het, laat my gerus daarvan weet dan deel ons dit met almal.

Die 8 Dimensies van Welstand waarna ons kyk is:

- Emosionele Welstand
- Fisiese Welstand
- Omgewing Welstand
- Sosiale Welstand
- Finansiële Welstand
- Beroep/Loopbaan Welstand
- Geestelike Welstand
- Intellektuele Welstand

## 9.10 Visie

“Ons weet almal die drievoudige behoefte van ons beweging is leiers, leiers en nogmaals leiers. Ek bedoel **besielde en toegeruste leiers**.” (Dr N.J. van der Merwe, 1934). Hierdie woorde is vandag steeds so relevant as wat dit in 1934 was. Die droom van Volwasse Sake is om alle volwasse lede van ons Beweging te besiel en toe te rus vir die belangrike taak wat hulle het.

Ek wil graag elkeen uitnoui om enige idees, griewe, kommentaar of kritiek oor Volwasse Sake met ons te deel. Enige bydrae is welkom en kan gestuur word aan [dirk@helpendehand.co.za](mailto:dirk@helpendehand.co.za)

Gedurende Junie vier ons ook jeugmaand en kan ons beslis terugkyk na baie *bouwerk* wat reeds plaasgevind het. Baie dankie vir al die tyd wat gespandeer word deur voortrekkerbouwerk... want dit maak ons jeug sterk!

Hou Koers dan tot ons weer gesels.

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 – [zandra@voortrekkers.org.za](mailto:zandra@voortrekkers.org.za))

Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 – [elsies1@afrihost.co.za](mailto:elsies1@afrihost.co.za) / [admin@voortrekkers.org.za](mailto:admin@voortrekkers.org.za))

Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 – [anita.bezuidenhout@vodamail.co.za](mailto:anita.bezuidenhout@vodamail.co.za))

Tekkies Kotze – AGL Bemarking (082 852 6171 – [tekkies.kotze@gmail.com](mailto:tekkies.kotze@gmail.com))

Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – [anine.wheeler@sabs.co.za](mailto:anine.wheeler@sabs.co.za))

Jaco van der Walt – AGL Verkeners (072 312 7722 – [jaco.vn.dr.walt@gmail.com](mailto:jaco.vn.dr.walt@gmail.com))

Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 – [dirk@helpendehand.co.za](mailto:dirk@helpendehand.co.za))